# PSALM 31

A      D                              A   D
1. Net soos ‘n rots, gesterk, gestewig
        G          D  A D
teen storm en ongety,
   G       A         D
is U, Yahweh, vir my.
D                                  G A
Maak my tog nie beskaamd vir ewig,
   G           A          D  A
bevry my, hoor my bede
D   G    A          D
na U geregtighede.

A D                         A   D
2. U is my rots vir ewig, Yahweh!
      G       D  A  D
Diep in U veil’ge sy
    G      A      D
sal ek genestel bly.
D                          G A
U sal my lei, U Naam ter ere,
    G        A      D  A
tot ek die net verby is
D    G    A                D
wat voor my voet gesprei is.

A  D                             A   D
3. In U, Yahweh, wil ek weer bly wees;
      G          D  A   D
die guns wat U my bied,
       G       A       D
wil ’k lofsing in my lied.
D                        G   A
U is die Een wat my naby was,
     G        A          D   A
wat my in guns aanskou het
D    G  A             D
toe ek op U gebou het.

A  D                          A  D
4. U het my nimmer oorgegewe
      G         D    A D
aan vyande wat wreed
   G          A        D
getrag het na my leed.
D                             G A
Deur U, Bevryder van my lewe,
     G        A       D  A
kan ek met vrye skrede
D    G    A           D
nou wandel in U vrede.

A  D                          A  D
5. In Yahweh’s hande is my tye;
   G        D  A  D
ek steun in al my leed
  G     A         D
op U alleen wat weet
D                              G A
die maat en einde van my lye.
    G        A        D  A
Red my, o Sielsverblyder,
D   G  A              D
van vyand en bestryder.

A    D                           A  D
6. Hoe wondergroot die seënstrome
    G       D  A    D
vir wie opreg van gees
    G       A      D
wil wandel in Sy vrees!
D                                    G A
Hoe groot die vreugde van die vrome,
  G         A       D    A
as almal klaar bemerk het
D  G   A               D
die heil wat U bewerk het.

A    D                           A  D
7. Bring lof aan Yahweh vir genade,
   G        D  A    D
so wonderbaar en groot
   G        A       D
aan my, Sy gunsgenoot.
D                              G A
Sy oog slaan my in liefde gade;
   G      A     D  A
Hy lei my na ‘n veste
D  G A           D
in veiliger geweste.

A  D                           A  D
8. Bemin Yahweh, Sy gunstelinge!
   G          D   A D
Hy sal jul nooit verlaat,
       G        A       D
maar straf die trotse daad
D                           G A
deur Goddelike regsgedinge.
        G          A     D  A
Wees sterk dan, en behoue,
D G  A               D
in stille Godsvertroue.